

Duits 178 (2009): Inleiding tot die Duitse Taal en Kultuur (24 krediete)

Die module is bedoel om studente 'n *basiese* interkulturele kommunikasievermoë te gee. Dit poog maw om studente in staat te stel om hedendaagse Duits in alledaagse situasies te praat, te lees en – in 'n mindere mate – te skryf; en wél met 'n basiese kennis van die hedendaagse leefwereld in die Duitssprekende lande.

Toelating

Hierdie module is bedoel vir studente sonder enige kennis van Duits. Student wat reeds Duits in graad 12 geslaag het asook moedertaalsprekers, volg Duits 188.

Benadering

In hierdie kursus word van 'n ietwat onkonvensionele onderrigbenadering gebruik gemaak, naamlik van "Versnelde Taalonderrig" of "Suggestopedagogiek".

Een van die belangrikste kenmerke van hierdie benadering is dat die klas omskep word in 'n omgewing waar 'n mens op natuurlike wyse kan Duits leer – die ontspanne atmosfeer en al die Duitse prente en "posters" help om 'n mens te verplaas in 'n "Duitse wêreld" en dit maak dit vir die brein baie makliker om aan die nuwe taal gewoond te raak. U sal ook agterkom dat feitlik net Duits gepraat word in die klas – vanaf dag een. Miskien sal u nie altyd elke woord verstaan nie, maar hierdie benadering is verreweg die beste om te gebruik. Wat beslis van die leerder verwag word is om teenwoordig te wees en deel te neem. Die klasse word presies beplan om dit vir die brein moontlik te maak om so veel nuwe inligting te verwerk as wat in die 50 minute van 'n periode moontlik is – u kan verseker wees dat dit baie meer is as wanneer u lang lyste woordeskat uit die kop sou probeer leer!

Struktuur van die kursus

Vir 3 periodes per week word studente in 5 groepe verdeel. Hierdie lesse word beplan rondom 'n teks wat in die klas aan u verskaf word. Die teks is 'n **drama** en dit word van week tot week uitgedeel in die vorm van **tonele**, amper soos 'n vervolghverhaal op die radio of 'n "soapie" op televisie. In die drama lees 'n mens van Duitse karakters wat verskillende dinge doen en ervaar, en die basiese idee is dat studente daardeur toegang kry tot die alledaagse lewe in Duitsland.

U sal gou agterkom dat die verhaal self heeltemal fiktief is. Dit sal egter ook vir u duidelik word dat die teks al die belangrikste woordeskat en strukture bevat wat u sou benodig as u in die werklike lewe in Duitsland sou rondreis. Dit is dus dubbel en dwars die moeite word om die teks goed te bestudeer, aangesien dit 'n mens die nuwe taal op 'n baie aangename en koherente manier laat leer.

Vir die ander 2 periodes word studente in 6 groepe verdeel waarin taalstrukture verduidelik en geoefen word. Tydens een van hierdie periodes kry studente die geleentheid om aan die hand van tekste en video hulle mondelinge kommunikasievermoë te verbeter.

Studente word ook verplig om ten minste een keer per week by *Humarga* 'n rekenaarprogram op WebCT te volg waar werk wat in die klasse behandel is geoefen en getoets word. Hierdie program begin aan die einde van Februarie.

Dosente – Navrae

Me Isabel dos Santos (kursusleier), Letteregebou 559, Tel. (021) 808 2065, icds@sun.ac.za,

Me Gerda Wittmann (studentesake), Letteregebou 539, wittmann@sun.ac.za,

Mev Sandra de Kock, Letteregebou 539,

Mev Renate du Toit (grammatika), Letteregebou 558, Tel. (021) 808 2050, rdt@sun.ac.za.

DUIITS 178 (2009) - EVALUERING

In Duits 178 word van **deurlopende evaluering** gebruik gemaak. Dit beteken dat studente se kommunikatiewe vaardighede (verstaan, praat, lees en skryf) en hulle deelname deurlopend beoordeel word, onder andere deur middel van amptelike toetse, gereelde huiswerk, klastoetse en rekenaartoetse. Daar word geen eindeksamen afgelê nie. Dit beteken onder meer dat iemand wat gedurende die verloop van die jaar swak presteer, *nie* aan die einde van die jaar meer sy/haar punt beduidend kan verbeter nie.

Amptelike toetse (aangedui op die toets- en eksamenrooster) vind plaas op 6 April, 22 Mei, 6 Oktober en 12 November. Mondelinge deelname in die klas is noodsaaklik en dit word beoordeel.

Rekenaar oefeninge en/of -toetse vorm ook 'n integrale deel van die kursus en studente word verplig om gereeld 'n program op WebCT te volg.

Om die module te slaag, is dit absoluut noodsaaklik om alle klasse by te woon en om werkopdragte stiptelik in te handig. Studente wat sonder verskoning van klasse afwesig is, kan ver wag dat hulle ouers hieroor ingelig sal word.

Duits 178 is 'n **jaarkursus** (24 krediete) en die prestasiepunt word as volg bereken:

Skryftelike werk

April-toets	60 min	5%
Mei-toets	90 min	15%
Okt-toets	60 min	5%
Nov-toets	90 min	15%
Huiswerk & klastoetse		20%

Mondeling

Mei-mondeling		10%
Okt-mondeling		10%
Luisterbegrip	4 toetse	12%

Rekenaartoetse 8%

U word gereeld ingelig oor u **vordering** (hou die kennisgewingsbord vir Duits dop oorkant kantoor 548 in die Letteregebou!)

Vir verdere besonderhede oor deurlopende evaluering raadpleeg die Jaarboek van die Universiteit vir 2009, Deel 1.

German 178 (2009):

Introduction to the German Language and Culture

(24 credits)

The module is designed to provide *basic* intercultural communication skills. It enables students to understand, speak, read and - to a lesser degree - write contemporary German in everyday situations which includes a basic knowledge of the present day situation in the German speaking countries.

Admission

This module is for students who have no previous knowledge of German. Mother tongue speakers and students who passed German in grade 12 enrol for German 188.

Approach

The German 178 course is presented according to a somewhat unconventional approach to teaching, namely "Accelerated Language Teaching" or "Suggestopedia".

One of the main features of this approach is that the classroom is arranged in such a manner that it represents an environment in which one can learn German in a natural way. The relaxed atmosphere and the German pictures and posters aim to create a "German world" in which your brain can get used to the German language without much effort. You will also notice that almost everything is said in German – right from day one. You may not always be able to understand every single word, but be assured: this is by far the best way to go about learning a new language. The most important thing expected of you, the learner, is to be present at all times and to actively participate in class sessions. The classes are planned meticulously to enable the brain to absorb as much information as possible in the duration of a 50-minute period lecture – you can be sure that this will be much more effective than sitting down to memorise long lists of vocabulary!

Course structure

For 3 of the 5 weekly periods, students are divided into 5 seminar groups. These classes are structured around a text that you will receive in class. This text is written as a **drama** and new scenes are handed out weekly. One could compare this with following a television soapy or a radio serial. In the drama you will read about German characters doing and experiencing a lot of different things, and the idea, basically is that this provides you with a general overview of German life in everyday situations.

You will soon notice that the story itself is entirely fictitious. The text, however, contains essential vocabulary and structures that you would require when travelling or living in Germany. It is, therefore, definitely worth your while to study the text carefully, as it enables you to acquire the new language in a very pleasant and coherent way.

For the other 2 periods students are divided into 6 groups in which language structures will be explained and practised. Students will also have the opportunity to practise their oral communication skills with the help of video and audio material.

In addition to the 5 periods, students follow a computer programme on WebCT where certain aspects of the work done in class are practised and tested. This computer course will be available in the last week of February.

Lecturers - Enquiries:

Ms Isabel dos Santos (course leader), Arts Bldg. 559, Tel. (021) 808 2065, icds@sun.ac.za;

Ms Gerda Wittmann (student affairs), Arts Bldg. 539, wittmann@sun.ac.za;

Mrs Sandra de Kock, Arts Bldg. 539,

Mrs Renate du Toit (grammar lecturer), Arts Bldg, 558, Tel. (021) 808 2050, rdt@sun.ac.za.

GERMAN 178 (2009) – EVALUATION

In German 178 the system of **continuous assessment** is applicable. Students' communicative skills (listening comprehension, speaking, reading and writing) as well as their class participation, are evaluated on a regular basis. Forms of assessment include formal tests, assignments, class tests and computer tests. There are no examinations, but remember, this implies that a student who has performed poorly during the year can do nothing to significantly improve his/her mark towards the end of the year.

Official tests (according to the test and examination time table) will be written on 6 April, 22 May, 6 October and 12 November. Oral participation in class is essential and will be assessed. Students are also tested on a regular basis in class. The computer programme on WebCT which students follow in their own time throughout the year will be assessed in each term.

In order to pass the module it is essential to hand in all assignments and homework and to attend all classes. Class tests are not announced in advance. Students who stay away from classes without an official excuse can expect that the Department will inform their parents about this.

German 178 is a **year course** (24 credits) and the final mark is calculated as follows:

Written work (reading and writing)

April test	60 min	5%
May test	90 min	15%
Oct. test	60 min	5%
Nov. test	90 min	15%
Homework & class tests		20%

Oral (listening comprehension and speaking)

May oral		10%
Oct. oral		10%
Listening comprehension (4 tests)		12%

Computer tests 8%

You will be informed about your **progress** regularly (watch the notice board for German outside the secretary's office, room 548!)

For further information about the system of continuous assessment, consult the year book of the University for 2009, part 1.